Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Sonder of met God die lewe in

Eksodus 33

Ons besef dat ons nie sonder God in ’n deurmekaar wêreld kan leef nie. Ná die goue kalf episode (Eks 32) is God kwaad vir sy ongehoorsame volk en sommer lus om hulle uit te wis (vv 3, 5). Hy is nie lus om self saam met hulle verder te trek nie – Hy is net bereid om sy engel vooruit te stuur (33:1-2). Gelukkig het die volk berou oor hulle sonde en Moses begelei hulle om na die wil van die Here te vra (vv 9-11).

Moses pleit by die Here dat Hy nie die volk alleen moet los nie. Hulle wil nie sonder Hom verder trek nie (vv 14-17). Moses vra verder dat hy God se magtige heerlikheid mag sien (v 18). Gelukkig is God bereid om sy genade en liefde te wys. Geen mens kan God van aangesig tot aangesig sien nie, maar Moses beleef iets van God se heerlikheid, Hy sien Hom van agter af (vv 19-22). Die God wat ons aanbid is dieselfde God wat Moses aanbid het. Hy is bereid om by ons te wees. Hy is bereid om voor te loop sodat ons Hom “van agter” kan sien. Hy sal ons nie verlaat nie, al voel Hy soms kwaad en teleurgesteld oor ons ongehoorsaamheid.

Sondag 1September
Somer eredienstye begin

Sonder of met God die lewe in Eksodus 33

08:00 Meditatief	Schalk Treurnicht
08:00 Klassiek (doop)	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Schalk Treurnicht
09:30 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Projek vir Haweloses

Kom vier lente saam met ons in die Tent na die diens, daar wag 'n heerlike lente-verrassing op jou.

Sondag 8 September

God gee hulle weer 'n kans Eksodus 34

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Bekkie Nieuwoudt - kanker
Rehanna Nolte (16jr) - operasie agv kanker
Maricha Elliot-Wilson - ernstige beserings na val met fiets

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Psalm46:10!

Dagboek:

Dinsdag 3 September
06:00 Kom bid saam
08:30 Helderberg Seniorklub - Tent

Woensdag 4 September
Doorregistrasie sluit vir Oktober dope
10:00 KuierTalent - Tent

Donderdag 5 September
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Vrydag 6 September
50 jaar feesviering ontbyt

Vrydag 11 Oktober
Lentemakietie en gemeentebraai

Saterdag 12 Oktober
Lentemakietie

Sondag 13 Oktober
Jubeljaar nagmaal

Sondag 13 Oktober
Klassieke Klanke Konsert

Vrydag 25 Oktober
Gr 1-3 oorslaap

Vrydag 8 November
19:00 Wine&Dine in style

50 jaar feesviering met ontbyt

Helderberg word in September 50 jaar oud. As 'n aanloop tot ons feesvieringe hou ons Vrydag, **6 September**, van 06:30-07:30 'n ontbyt rondom die tema: Wat is die impak van Helderberg Gemeente en tot watter impak roep God ons. Die spreker is Eugene Cloete, vise-rektor van die Universiteit van Stellenbosch en kerkraadslid. Belangstellendes kan hul name by die kerkkantoor ingee.
Koste: 'n donasie

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Marthunis en Michelle Barnard - Onrusrivier
Koos en Katinka Roux - Hottetots-Holland
Berthold en Karin Alheit - Moreleta-park

Die volgende ouerpare doop op 1 September

Klassieke diens:
Johan en Christine Janse van Rensburg met Ruan

Informele diens:
Wener en Lindie Bekker met Beau Sebastian
Riaan en Rozanne Louw met Carli
Theuns en Rozanne Steyn met Lana Rose
Pieter en Heléne Swanepoel met Anli Heléne
Hein en Alet Swart met Susara Aletta
Louwtjie en Ingrid van Zyl met Maya Mari

Is jou hart by haweloses?

Individue of omgeegroepe wat belangstel om saam na die haweloses uit te reik op Dinsdae- en Donderdae aande is welkom om Chris Hollenbach te kontak by chris.hollies5@gmail.com of 083 708 4350

Soek ’n boek

Ons beplan ‘n lekker boekverkoping tydens die Lentemakietie, ***maar dan het ons boeke nodig. Lekker baie boeke!*** En dis waar jy kan help.
Gaan staan voor jou boekrak en haal alle boeke uit wat jy nie weer gaan lees nie en bring dit asseblief kerkkantoor toe. Ons soek lekker leesboeke wat ander ook sal wil lees, dalk ‘n kookboek of tuinboek wat nie meer gebruik word nie, letterlik enige boek op jou rak of koffie-tafel wat jyself nie sou omgee om aan te skaf nie.

Kortom; Enige boek wat nog in ‘n goeie toestand is, Afrikaans of Engels.
Alle fondse van die Boekeparadys is ten bate van die kerkkas

Kontak Annette Gerber by 082 545 7718

Wine&Dine in style

Vrydag 8 November @ 19:00
Kom geniet ‘n eksklusiewe wyn-geleentheid met keurige kos @ R300 pp.
Kaartjies by Ontvangs te koop.
Heerlike musiek, ‘n bekende wynpersoonlikheid as gasheer en wynproe kompetisie – gaan die aand die moeite werd maak.
Navrae: events@nghelder.co.za

Wil jy help oplaai en aflaai?

Dienssentrum benodig asb ‘n manspersoon wat Woensdae-oggende tussen 8:30 en 9:30 brood by winkels in Somerset-Wes kan oplaai en dan by die Dienssetrum aflaai. Dienssentrum se bakkie word daarvoor gebruik.
Yolandè 021-850 6911

Gierigheid is die wortel van alle kwaad

Op ‘n manier is ons almal direk en indirek slagoffers van gierigheid, selfs Helderberg Gemeente. Dit was vir ons ‘n ontstellende ervaring om die afgelope tyd gekonfronteer te word met die werklikheid dat van ons dankoffergeld oor ‘n tydperk deur 'n personeellid gesteel is, ten spyte van ons reeds uitstekende sekuriteitsmaatreëls, bv ’n *dropsafe*. Daar is onmiddellik opgetree en die aangeleentheid is by die SAPD geregistreer. Dit is nou in die hande van die strafreg. Dit het ons ook gedwing om weer die hantering van ons dankoffergeld tydens die eredienste en daarna te herevalueer. Die verantwoordelike hantering van enige fondse is vir Helderberg Gemeente belangrik. Neem asseblief die vrymoedigheid om enige ongeruimdheid of risiko's onder ons aandag te bring.

JUBELJAAR Makietie

Ons word 50 en vier fees

As deel van Helderberg se Jubeljaar vieringe beplan ons ‘n vol program vir **Vrydag, 11 Oktober tot Sondag, 13 Oktober.**

- Vrydagaand: Ons beplan ‘n gemeentebraai met heerlike musiek en stalletjies vir die wat nie wil braai nie.
- Vrydag - Saterdag: Ons gaan alreeds met ons Lentemakietie die Vrydag-middag begin tot Saterdagmiddag. Enige iemand wat belangstel in ‘n stalletjie kan ‘n epos vir meer inligting stuur na events@nghelder.co.za. Dit kan omgeegroepe, Uitreik-projekte of buite-uitstallers wees vir kos, handwerk of produkte. Ons wil soveel moontlik stalletjies alreeds van Vrydagmiddag en -aand af hê.
- Sondag: Ons gaan dit vier met ‘n spesiale nagmaal by al die dienste.
- Klassieke Klanke Konsert: Sondag 13 Oktober sluit ons die naweek-fees af met ‘n groot Klassieke Klanke Konsert. Dit beloof om baie spesiaal te wees met die meeste kore en instrumentaliste nog. As jy nog nooit een bygewoon het nie, is hierdie een die moeite werd.

Dié naweek beloof iets vir almal, ons wil mos as ‘n familie saam jubel en feesvier. Sit hierdie naweek sommer nou al in jou dagboek, sodat jy nie ons feesvieringe misloop nie.

Navrae: Corneille Barnard by events@nghelder.co.za

Het jy wit olifante?

Ons is op soek na enige wit olifante in jou huis vir die Lentemakietie ook enige boeke, DVD’s, musiek, legkaarte en dies meer.
Merk dit asseblief duidelik vir die makietie en gee dit af by Ontvangs.
Navrae Corneille by events@nghelder.co.za

Projekspan vir Haweloses

Die Projek vir Haweloses bestaan reeds vir ongeveer 16 jaar, m.a.w. sedert die ontstaan van Helderberg Uitreik in 2003. Soos verwoord in ons missie, reik ons uit na haweloses in die Helderbergomgewing en fokus op **verantwoordelike** betrokkenheid by hul geestelike en fisiese nood.

Hier is Robert Matthee wat vir 'n paar seuns van Bright Lights bokslesse en rugby gee.

"Haweloses" word in hierdie konteks gekategoriseer as mense sonder werk, heenkome en verblyf. Hulle bevind hulle dan op straat waar hulle begin bedel en aan misdaad en alcohol- of dwelmmisbruik blootgestel word. Kinders is ongelukkig ook deel van hierdie groep.

Ons is betrokke by 5 projekte nl. *Helderberg Street People's Centre* (nou met die nuwe naam van *Thomas House of Hope*), *Bright Lights*, Nagskuiling, Terioskool en Somerset West Village Garden.

Soos altyd, het die Here gesorg vir hoogtepunte waarvan ons graag een voorbeeld van **verantwoordelike** betrokkenheid wil uitlig. Dit is die "reis" vanaf die voormalige Sopkombuis tot by die nuwe akkommodasie van *Helderberg Street People's Centre*.

Die akkommodasie-reis vanaf die ou Sopkombuis oorkant die biblioteek in Somerset-Wes na skeepshouers langs die Nagskuiling naby die N2 en nou 'n huis in Victoriastraat, is merkwaardig en beskikking van Bo.

Na jare se pogings en gebede het Andy Loughton en sy span van *Helderberg Street People's Centre* teen die einde van Junie okkupasie geneem van Victoriastraat 66, hier in Somerset-Wes. Met 'n ruim donasie van 'n man van Europa met die naam Thomas, is hierdie huis gekoop en opgeknap. En vandaar die nuwe naam, nl. *Thomas House of Hope*.

Jy sal onthou dat sop en brood tot 'n aantal jare gelede uitgedeel was aan ieder en elk. Hierdie benadering is verander na een waar haweloses 'n teenprestasie moet lewer. Hulle verdien 'n sogenaamde "token" vir 'n uur se werk in die *Somerset West Village Garden*, sowel as vir ander takies. Hierdie "token(s)" word dan aangebied vir kos, klere en slaapplek. In die proses word waardigheid, trots en die eerste stappe na selfstandigheid aangeleer.

Vir die periode van Maart 2018 tot Februarie 2019 is ‘n totaal van 12 276 “tokens” verdien en 12 342 “tokens” gebruik – en dit deur ‘n gemiddelde aantal van 59 haweloses per maand.

Ons as Projekspan vir Haweloses se betrokkenheid hierby was baie gering, maar deur o.a. die finansiële bydraes van sommige lidmate van ons gemeente, tog noemenswaardig en geseënd.

Arnold Prosch
082 458 3003 of info@cara-camp.co.za

Nagskuilingkaartjies te koop by Ontvangs @R200 per boekie

Kuier Talent

Kom kuier gerus saam met ons Woensdagoggend, 4 September om 10:00 in die Tent. Daar sal ‘n *papier-krulwerk-demonstrasie* (*quilling*) wees.

Die wat reeds belangstelling daarin toon, kan hul apparaat saambring. Die ander gaan voort om te klets, te knutsel en te kuier. Almal is baie welkom.

Navrae: Magdel Janse van Rensburg by 082 400 0903 of Nellie de Klerk by 072 348 6226

Dienssentrum benodig asb ‘n yskas om skenkings van groente langer vars te hou. Indien jy dalk een vir hulle wil gee, kontak asseblief vir Yolandè by 021-850 6911

Helderberg Seniorklub

Ons kom weer op Dinsdag, 3 September om 8:30 vir 9:30 byeen, in die Tent.
Program:
Mario Foster, `n multi-instrumentalis, stel ons bekend aan die **saksofoon** as instrument en speel musiek uit `n paar style. Kom luister gerus en bring `n vriend of vriendin saam.

Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.
Kontak vir Isabel Lubbe by 082 844 0735 of 021-855 1528

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*